Glencore is one of the world's largest globally diversified natural resource companies and a major producer and marketer of more than 60 commodities. Our operations comprise of around 150 mining, metallurgical and oil production assets. Our purpose is to responsibly source the commodities that advance everyday life. Employing 135 000 people globally, people are at the heart of our business and we aim to attract employees who strive to be leaders in their field.

Superintendent (Environmental)

TSS, WCM
Rustenburg, North – West, South Africa
Ref. No. TSS/HR – 08.2023

In this role you will be responsible for: • Developing and maintaining a good working knowledge of the Environmental legislation • Monitoring and coordinating compliance to all Environmental legislation and authorizations • Remaining abreast of developments in Environmental thinking and practice • Coordinating the implementation and ongoing development of Environmental Management Plans (EMP's) • Monitor and evaluate Environmental impact Assessments (EIA) • Liaison with relevant government departments, water users, service providers and other external stakeholders • Ensure and enforce adherence to all Environmental standards of the Glencore Alloys division • Reporting of site data on internal and governmental Environmental Information Systems • Sustainable development reporting and data management (GCP reporting) according to Glencore procedures • Implement an environmental Risk Management System • Represent WCM in environmental regulatory forums.

About you: • Bachelor's degree in Environmental Management or equivalent with Environmental Law and sciences background • Post Graduate degree in Environmental or equivalent field would be an added advantage • At least five (8) years' experience in the Environmental consulting, or mining environment • Strong Project management skills • Well-rounded communication skills (presentation, written and verbal) • Strong leadership skills • Deadline-driven • Working knowledge of ISO 14001:2015, and ISO 9001:2015 • Ability to effectively communicate with Government Departments.

The company offers: • A competitive salary • Medical Aid Fund Membership contributions paid by the company • Provident Fund contributions paid by the company.

Applications close: 24 August 2023

Apply now at TSS.HR@glencore.co.za

Glencore PTY (Ltd) is an equal opportunity company and committed to transformation.

The Company reserves the right not to make the appointment. By applying for the position, you consent to Glencore collecting, storing, using, destroying and processing in any other manner personal information for purposes of attending to this advertisement, and/or all matters relating thereto, including the disclosure to third parties of such personal information for purposes of confirming such personal information. In the event you do not hear from the Company within a period of 21 days after the closing date of applications, please consider your application to have been unsuccessful. The CVs of unsuccessful candidates will not be returned.

www.ayandambanga.co.za 148855

Going all the way for kids

RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - The National Centre for Child Protection, temporarily move their call **centre to Rustenburg as they renovate their Head-Office in Centurion expanding their office to ensure they can cater** for the rapid increase in cases being reported through their call centre.

The National Centre for Child Protection have 256 Child Protection Hotlines across the country.

The Child Protection Hotlines are available to anyone of all ages who are in need of help. "Our mission is to offer a free 24 x 7 x 365 service (via SMS, WhatsApp or phone call) to any child, parent, teacher, grandparent or any other person, to report child abuse, neglect, bullying, trafficking or any other action that impacts children. To be the voice for the voiceless, help the helpless and to provide hope to the hopeless. Our vision is to make child abuse in any form, history.

The National Centre for Child Protection is not funded by government. This is one of our biggest challenges that we find takes our time away from our actual cause. We rely on our corporate partners for funding, fund raisers such as Golf Days, Comedy shows and write our own children's books, which we then sell. We are ever so grateful to the CRC Church in Rustenburg for housing our call centre for the meantime, whilst we renovate, along with providing fund raising for our cause," says the National Centre for Child Protection

The National Centre for Child Protection have many big and exciting plans and projects launching in the near future.

They offer a free service to children through their Child Protection Hotlines. They conduct educational talks with learners at schools across the country and educate learners and teachers on topics and challenges that they should be aware of, that children face daily in and out of school settings. One of the things they find is that no one really knows where to seek assistance for a child in need and they try to ensure to offer that one stop solution to these problems.

The National Centre for Child Protection also have a 24 - Hour free Counselling Hotline available to anyone up until the age of 35.

This Counselling Hotline is available 24/7, every day of the year - via SMS, WhatsApp or phone call.

During the event, the centre mentioned a few of the cases they receive through their call centre:

"The reports that reach our call centre varies from cases of bullying at schools, children being locked out of homes, neglect, parental alienation, trafficking, children being abducted, sexual exploitation and the list goes on and on," says CEO, Danie Van Loggerenberg.

They look forward to community members in the Rustenburg area knowing about their call centre and encourage community members to join their fight in protecting children and believe the more who are involved the stronger their fight will be.

National Centre for Child Protection urge community members to contact them for any child related issues for them to assist.

National Child Protection Hotline: 076 900 7151
Rustenburg Child Protection Hotline: 079 169 5340
Mooinooi Child Protection Hotline: 081 874 1958
Boitekong Child Protection Hotline: 082 487 0654
Counselling Hotline: 076 037 6345

NORTHAM BOOYSENDAL

smart platinum mining

Booysendal Platinum is situated on the border of the Limpopo and Mpumalanga Provinces near the towns of Mashishing (Lydenburg), Roossenekal and Steelpoort. The mine is located on the southernmost exposure of the eastern limb of the Bushveld Complex with eighty percent of its resources in the Mpumalanga Province. The Mine has a board and pillar mining layout and operates with trackless mechanised mining equipment. Booysendal is a subsidiary of the JSE-listed Northam Platinum Limited, a well-established, mid-tier independent and integrated platinum group metals producer with a strong tradition of innovation and technical expertise in the sector.

TRAINING FACILITATOR – MINING (C1)

BOOYSENDAL NORTH - HRD DEPARTMENT ● Ref. No.: BDHR44/23

Role requirements: The successful candidate must have the following basic requirements: • Grade 12 or equivalent at NQF level 4 • OD ETD Level 4 • Blasting certificate will be advantageous • Training / Human Resources Development qualification / certificate or studying towards • Competent for Mining unit standards (Comp A, Comp B, Comp BA) • Certified as a Competent Assessor for training skills will be advantageous • Medical certificate of fitness • At least one year's training experience coupled with at least 2 to 3 years' mining related experience underground • Sound experience in Microsoft Office.

Key performance areas: • Carry out competency assessments and on-the-job training • Conduct skills training courses and tests • Regular assessment of the performance of trainees on the training programmes • Continuous liaison with the Training Officer on training activities • Ensure legal compliance with regard to training.

Please attach a comprehensive updated curriculum vitae as well as a certified copy of your ID and your qualifications.

Should you meet all the requirements, please submit your CV to HRApplicationsBD@norplats.co.za and please quote the job title and reference number in the subject box. Kindly note that Booysendal will only correspond with short-listed candidates.

Applications close: 29 August 2023

CV's received in any form after the closing date and time will not be considered. Should you not hear from the company within 21 days after the closing date for applications, please consider your application as unsuccessful.

Booysendal Platinum Mine is an equal employment opportunity employer and reserves the right to make appointments in line with its Employment Equity Policy.

Rustenburg Herald Kook

By Waldie Volschenk

Wintertyd is kwepertyd

In Rustenburg Herald se "kos/kookrubriek" het ons al met baie vorms van eet, proe of smul geëksperimenteer. In die afgelope winterseisoen was konfyt en jellies kook meer as een keer aan die beurt. In hierdie uitgawe – dalk vir die laaste keer hierdie winter – maak ons ingelegde kwepers en ons was verstom omdat daar soveel mense is wat blykbaar nie dié lekkerny ken nie, hoewel die sogenaamde "kweperlat" glad nie onbekend by die meeste ouer mense is nie.
Mense wat al lank in die gebottelde vrugtebedryf is, sal jou vinnig sê dat kwepers heerlik is - ingelê, of as 'n jellie gekook.

Waldie Volschenk van ons redaksie met 'n flessie van sy ingelegde kwepers.

Rustenburg Herald DAGBOEK • DIARY 2023

Is there an important event at your company or organisation in the near future? Is a well-known artist the highlight on the local social calender, or do you have a company that provides fun things/ activities to do? If so, then place your diary entry to inform our readers of your events/activities.

SPCA RUSTENBURG

WISHLIST
BLANKETS - BLANKETS - BLANKETS PLEASE!
Empty spray bottles/Black Refuse Bags/Steel Pot Scourers/Cat Litter / Pine Gel / Dip for dogs / Dip for cats / Deworming for cats / Deworming for dogs / Toys for cats / Toys for dogs / F10 Ointment / F10 spray / Tin food for dogs / Tin food for cats / Treats for dogs / Treats for cats / Leads for our dogs / Blankets / Beds for dogs / Beds for cats.
Please donate. **Cat litter** and **tinned cans dog and catfood** depleted, any donations very welcome!

HENGELKOMPETISIE

Vanaf Vrydag **25 Aug** tot Sondag **27 Aug 2023** by Swartruggensdam.
Kontak Dawie by 072 172 8646 vir meer inligting.

WOMEN'S CAMP

Date: **1-2 September 2023**
with the theme: It's Time for a New Beginning (Dis Tyd vir 'n Nuwe Begin).
For more information please contact Desiree Holtzhausen at 083 309 5597.



BINGO & COUNTRY NIGHT

Date: Saturday **2 September 2023**
Place: Hedgehogs Nest
All proceeds will be going to Lighthouse Children's Home.
Tickets available at 083 493 5911 or 084 695 7852.

A standard advertisement (30 words) in the Rustenburg Herald, Bonus and our website will cost you only R66-00 (Vat incl) and can be placed and paid for on our website (www.rustenburgherald.co.za) or at the reception offices of the Rustenburg Herald. A maximum of two advertisements combined (60 words) will cost only R132-00 (Vat incl).

Ingelegde kwepers

Metode:

Skil die hoeveelheid kwepers wat jy wil inlê. Dit is nogal 'n joppie hoor – kweper se skil is nie jou maat nie en jy moet maar seker maak dat jou mes lekker skerp is. Sny die kweper in die helfte (dit is ook 'n taamlike 'joppie' weens die klipharde pitgedeelte van die vrug). Jy moet maar so 'n "holte" uit die kweper sny sodat jou vrug amper soos gesnyde pere lyk. Sny dan jou kweperhalwes in skywe min of meer soos lemoen- of naartjieskywe.
Onthou om dit dadelik in koue water te sit – geskilde kwepers verkleur maklik tot 'n onaantreklike bruin en as dit eers verkleur het, is dit neusie verby – nie veel verkeerd met die smaak nie maar dit sal natuurlik glad nie mooi lyk in jou bottels nie. Om vrugte in te lê is oor die algemeen veel makliker as om konfyt of jellie te kook.
Al wat bietjie van 'n uitdaging is, is om te skat hoeveel stroop/sap jy nodig het. Onthou – al jou vrugte in al jou bottels moet deur die stroop in die bottels bedek wees anders kan jy dalk probleme optel.
Met die inlê van vrugte hoef jy nie te sukkel met die weeg van vrugte, water en/of suiker nie. Die formule vir "stroop" is eenvoudig – twee dele water vir elke deel suiker – met ander woorde – twee keer soveel water as jou suiker – dit is verder maklik om die som te maak. Maak liewers te veel as te min – dit kan nogal 'n krisis wees as jy nie genoeg sap/stroop vir al jou vrugte het nie.
Begin dadelik jou stroop kook as jy die suiker en water bygevoeg het en gee die stroop so 'n goeie

En só lyk die ingelegde kwepers in die bottels as die werk klaar is. Laat staan vir so drie dae voordat jy oopmaak en geniet.

20 minute of dalk selfs 'n halfuur voorsprong voordat jy jou vrugtestukkies byvoeg. Kook dan jou stroop tot dit effens "langerig" en dikkerig is maar dit hoef nie 'n dik, taai spulletjie te wees soos wanneer jy konfyt of jellie kook nie. Kook tot jy tevrede is met die tekstuur van jou stroop maar maak terselfdertyd seker dat jou vrugte nie pap gekook is nie.
Vul jou gesteriliseerde bottels so amper driekwartvol met vrugte – daar moet darem ook 'n plekkie vir genoeg stroop in elke bottel wees.
Bottel terwyl die stroop en vrugte nog warm is en laat staan 'n paar dae voordat jy kan oopmaak en geniet. Dit is veral heerlik as 'n nagereg met 'n skeppie vla en herinner nogal aan ingelegte pere.

Ons het sowat 2 kg se geskilde kwepers gebruik – die skilwerk is omtrent die moeilikste – daarna is alles betreklik maklik.

Gee jou stroop (twee dele water en een deel suiker) so 'n 20 minute of 'n halfuur voorsprong voordat jy jou kweperstukkies byvoeg om sag te kook.

Onthou om die kwepers dadelik in koue water te plaas as dit klaar geskil is – dit sal voorkom dat die kweperstukkies 'n onooglike bruin kleur kry.

Vul jou bottels so amper driekwart vol met vrugtestukke – daar moet darem ook 'n plekkie vir genoeg stroop in jou bottel wees.

Follow the link https://bit.ly/winterkweper to see a video of this week's recipe on the Rustenburg Herald webpage

Visit www.rustenburgherald.co.za more delicious recipes

{BriefweLetters}*

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/Email: waldie@rustenburgherald.co.za

Timbati Veld Market donates food, essentials to Rustenburg SPCA

Rustenburg's Timbati Veld Market is bekend vir sy heerlike atmosfeer, lekker kuier, lekker eetgoed en dat dit alles ten bate van plaaslike welsyn is. Só was dit ook met die mees onlangse Timbati Veldmark op Saterdag, 5 Augustus, waarna 'n afvaardiging van Timbati 'n pragtige skenking van allerlei troeteldier-benodigdhede aan die Rustenburgse Dierebeskermingsvereniging (SPCA) oorhandig het. Onder die artikels was 3 x 40 kg katgruis, 1 x 50 kg hondekos, agt bottels vlooipoeier, geblikte hondekos en besems. Van links hieronder is Christa Stewart, Irma Nel, Karien Davies en Suenell van der Walt van die Dierebeskermingsvereniging.

{StandpuntViewpoint}*

Hokaai, minister!

So daar het ons dit nou - die Suid-Afrikaanse regering is so desperaat om nog geld in die hande te kry om sy uitspattige regeringstyl en gierigheid te voer dat hy nou werklikwaar beoog om sekuriteits- en meenthuiskomplekse deur middel van 'n halfgebakte SEB-inisiatief te dwing om van bepaalde diensverskaffers, (kamerade?) gebruik te maak vir alles wat die kompleks ten opsigte van sy bestuur en onderhoud benodig.

Mmamoloko Kubayi, Suid-Afrikaanse Minister van Menslike Nedersettings het verlede week aangekondig dat georganiseerde behuisingskomplekse in die regering se visier is as 'n gunstige "avenue" om die regering se inkomste aan te vul deur toe te sien dat onderhoudskontrakte en -dienste aan bepaalde instansies en individue toegeken word. (Die wye voorkoms en aanvraag vir meenthuiskomplekse of sekuriteitsoorde het die regering sommer vinnig laat besef dat instansies soos hierdie groot finansiële belofte inhou - des te meer namate die regering die vraag na sodanige ontwikkelings onnatuurlik "aanblaas" deur sy lamsakkigheid ten opsigte van kriminele en misdaadvlakke wat lankal hande uitgeruk het. 'n Mens moet dalk die regering 'n pluimpie toedig omdat hy hierdie verwikkeling lank reeds vooruit beplan het - dis nou visie, of hoe?

Natuurlik beoog die Minister om dié besluit afdwingbaar te maak wat volgens haar die magte sal hê om behuisingskomplekse ens oor die vingers te tik indien daar nie aan die regering se voorskrifte voldoen word nie. Blykbaar meen die minister dat sy of die regering die reg het om vir enige huiseienaar voor te skryf met wie hy besigheid mag doen met betrekking tot die onderhoud en dienste aan sy eiendom. Maar die minister slaan die bal mis. Die minister weet blykbaar nie dat meenthuiskomplekse sonder uitsondering deur verskeie trustees (almal eienaars) en uiteindelik 'n vennootskap met 'n sogenaamde "Body Corporate" bestuur word nie. Benewens baie streng reëls ten opsigte van die bedryf van 'n kompleks in terme van die Wet op Deeltiteleenhede (ens, ens) kan die Body Corporate geen besluite sonder magtiging van die trustees neem nie. Dié is een van die voorwaardes waarop die koop of verkoop van 'n eiendom in sodanige kompleks, berus.

So jammer vir jou minister - ons stel voor dat die regering dalk liefs ondersoek instel na hoeveel van sy kamerade elke dag/week/maand/jaar met miljoene/miljarde rande se staatsgeld vort is voordat hy na nog 'n manier soek om eerlike en hardwerkende mense uit die voorreg te melk om te kies waar hy wil bly, hoeveel hy betaal en vir wie?

Slow down, Minister?

And so, there we have it... The South African government is so desperate for more money in its prodigal hands that it is proposing a somewhat half-baked BEE-policy to force townhouse complexes and security villages to contract exclusively previously identified (by government) contractors (comrades?) for services pertaining to the upkeep, management and maintenance of such housing schemes. Yes, this was announced only last week by the country's Minister of Human Settlements, Mmamoloko Kubayi. Not only is this a true indication of the dire straits of the country's affairs in finance - especially at top level it seems, where numerous high profile politicians are earning millions in salaries in addition to those who regularly run off with millions in public money with no help in (yes, there...) to recover most (if any?) of these monies. It is also an indication of government's shrewdness in terms of ogling possible money-spinners which it could entertain to its own benefit.

But there seems to be more to the story, of this particular little piece of pure vision and wisdom by the ANC's schemers. Why now all of a sudden, one should ask. Well, we have the answer for you.

It is because government realised that it has stoked the fires/furnaces in the want for "security" long enough now and that it is time to reap the fruits of its labour. There is no doubt that government's paralytic approach towards crime and criminals and the fact that criminality is breathtakingly high everywhere, has incited the demand for "security" in the country - hence the demand in townhouse complexes and such. How long could it take government to realise that from within its very core, it has created a lucrative market of untold wealth? And of course the Minister plans to make government's directives in this regard compulsory.

As if to say that government has the right to tell any property owner who he may do business with?

But the Minister is missing the point. Apparently the Minister does not know that townhouse complexes are invariably managed by several trustees (all owners) in close co-operation with a Body Corporate of its choice. In addition to the most stringent regulations pertaining to the management of such complexes in accordance with the Law on Sectional Title Units, the Body Corporate can take no executive decisions without authorisation from its trustees. This is the very principle on which the selling or purchase of any unit in such complex rests upon.

So then, sorry Minister - we suggest you'd rather investigate how many high profile party loyals/government officials/ANC elite and their friends are running off with millions in public money virtually every hour/day/week/month/year? We are confident that this will keep you occupied enough to rather concentrate on issues which could fill dams, not buckets in revenue?

Viewpoint by Waldie Volschenk, 13 Coetzer Street, Rustenburg.

Miljoene dankies is nie genoeg nie

Die redakteur,

Vyftien jaar gelede het ek in Augustus hier ingetrek by die Munisipale-woonstelle in Kerkstraat 59. Vyftien jaar van geluk, hartseer en gemengde gevoelens. Vir meer as 10 jaar daarvan het ek die eer en voorreg gehad om elke week saam met Josey groente aan die inwoners te kon uitdeel. Groente deur Josey en Fruit & Veg geskenk. Yvonne Bonthuys en Bessie Rex was getrou elke week om te help. Hierdie mense het koue, reën, hael en hitte trotseer. Ons almal is tussen 72 en 76 jaar oud en glo my,nie een is baie gesond meer nie. Daarom wil ek hiermee die bestuurder van Fruit & Veg, Josey, Yvonne Bonthuys en Bessie Rex uit die diepte van my hart bedank vir al hul opofferings en toewyding gedurende al die jare. Geseënd is julle almal. Miljoene dankies ook aan die Hemelse Vader wat ons so gespaar, geseën en ons met soveel goedheid en gunste voorsien het. Van ons mense is reeds oorlede, maar die wat ek hierin genoem het, is nog met ons - alhoewel ons uurglas stadig maar seker uitloop. Dus wil ek net byvoeg: waardeer mekaar, help mekaar, gee om vir mekaar, beskerm mekaar, dra mekaar se laste, bid vir mekaar en wees lief.

Met baie liefde en waardering,
Miljoene dankies,
Netta Stroebel.



Voice your opinion / Verhef jou stem

This week we are asking the question: South Africa is once again described as a Banana Republic and the judiciary in particular is ridiculed following former President Jacob Zuma latest prison "stint" of no more than two hours before he was "pardoned" by President Cyril Ramaphosa and released from prison: What is your opinion on this:

Zuma should not have been "released" altogether a long time ago
Zuma was released on just grounds
This was exactly what most people have expected
The decision must be reversed and Zuma must return to prison
It's been a Banana Republic for a long time now

Visit our Facebook page to take part - we would love to hear from you.

Last week's question: Last week we wanted to know from our readers how they cut sandwiches. See the graph for the results.



facebook STATS	REACHED	VISITS	VACANCIES REACHED	MOTORING REACHED	IN MEMORIAM REACHED
	294 118	25 563	119 156	6 562	13 574

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander; party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER • The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Bergsig Academy brought the Musical, Beauty and the Beast to their stage earlier this month. It was a extravaganza of colour!

Die karakters het hul uitstekend van hul taak gekwyt en die dansers het gesorg vir hope vermaak. Dankie aan almal wat dié jaar se blyspel ondersteun het!

Bergsig Musiekblyspel

Bergsig Akademie sê dankie aan elke onderwyser en leerder vir 'n baie besondere vertoning en vertolking van 'Beauty and the Beast'.

RCC at TransBaviaans



As one of South Africa's premier mountain biking events, the TransBaviaans mountain bike marathon creates the perfect combination of extremely challenging cycling amongst spectacular scenery through exquisite mountain ranges, right into the heart of the magnificent Baviaanskloof, Wilderness area all in a team format. The TransBaviaans took place on 12-13 August and Rustenburg Cycling Club is very proud of Gerrie Geertsema (left) and Andries Jacobsz (time 12h35) who participated in this 230km race.

It was JP Stringer's fifth TransBaviaans race.



JP Stringer (left) and Noël Thwaite with a time of 15h27 in their Masters Category.

NOTICE IS HEREBY GIVEN IN TERMS OF REGULATION OF THE NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT (ACT NO 107 OF 1998): ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT REGULATIONS 2014 (as amended), TOGETHER WITH SECTION 12 OF THE MINERAL AND PETROLEUM RESOURCES DEVELOPMENT ACT, 2008 (ACT NO 49 OF 2008) AS AMENDED

NATURE OF ACTIVITY

Application for Prospecting Right, Mining Right and Environmental Authorisation in terms of the MPRDA and NEMA acts.

Farm names	DMR Ref n.o	Mineral/s applied	Location	Name of applicant
Portion of the remainder of Portion 2 of the farm Boschpoort 284 JQ	NW30/5/1/3/2/11230 MP	Granite	Rustenburg	MINING COMMUNITY PROJECTS (PTY) LTD
Remaining extent of portion 2 and portion 28 of the farm Boschpoort 284 JQ	NW 30/5/1/1/2/13810 PR	Granite	Rustenburg	MIZMOR23 GRANITE (PTY) LTD
The remaining extent of portion 2 and portion of portion 28 of the farm Boschpoort 284 JQ	NW30/5/1/1/2/13833 PR	Granite	Rustenburg	MINING COMMUNITY PROJECTS (PTY) LTD
Portion of the remainder of Portion 2 of the farm Boschpoort 284 JQ	NW30/5/1/3/2/11237 MP	Granite	Rustenburg	DIDIBENG TSA SEDIBENG TRADING AND PROJECTS (PTY) LTD

REGISTRATION OF INTERESTED AND AFFECTED PARTIES

In terms of the EIA Regulation published in Government Notice No. 983 of 08 December 2014 the public is invited to register as interested and affected parties (I&Aps) express interest, comment and participate in the Public Participation Process (PPP). Please submit your written concerns within 30 days of this notice. Draft BAR will be available for comment for 30 days.

Registration, queries and written comment should be submitted to:
Postal Address: 202 Soetdoring, 40 Van Dalsen, Pretoria West, West Park, 0183
Email: nditwanim@gmail.com/mavhunga.mec@outlook.com
Tel/Cell: 012 012 5730/061 489 0616,Fax: 086 585 9388
Contact Person: Mr. Ndiitwani Mavhunga

Hoërskool Rustenburg

Baie geluk aan die o/14A-hokkiemeisies wat die titel as Noordvaalwenners op die hokkieveld gewen het. Hierdie is 'n eerste vir RHS en hulle bars uit hul nate van trots.Op die foto verskyn Diandi Kruger (afrigter), Jana Gryzenhout, Mie-Anne Prinsloo, Limay Coetzer, Jenilee du Toit, Marteney Engelbrecht, Jessica Robberts, Anke Jankowitz, Zaylee van Jaarsveld, Deidre Wepener, Anja Vermaak, Carla Breitenbach, Jessica Huyser, Rihani Botha, Ivanke Strydom, Mia Vera de Gouveia Farinha, Renette Kruger (afrigter) en Juane Janse van Vuuren (doelwagter).

Die o/14A-netbalspan is van links agter Seanne Durandt, Dané Klopper, Chloe vd Berg, Melissa Jacobsz, Caylin Cussons, Mieke Hanekom, Anri Gerber en voor van links Betty Azevedo, Elizy Janse van Vuuren en Tharine Swanepoel.

Baie geluk aan die Rustie-boogskietleerders wat tydens die Interskoleboogskietkompetisie op 12 Augustus besonders goed gevaar het. Die A-span kom algeheel eerste tydens dié byeenkoms. Op die foto verskyn Michael Matthee, Edna La Grange (afrigter), Mardia de Beer, Rhichelle Deysel, Bernadine van der Merwe, De Wet Naudé, De Wet Fourie, Shaun Homan, Wyatt Steyn, Janize Rudolph, Jannelize Blignaut, Melandie Swart en JP Engelbrecht.

Baie geluk aan die Rustie-langasematlete wat die afgelope naweek 12 Augustus aan die Landloop ANWN-kampioenskap by Hoërskool Lichtenburg gaan deelneem het. Op die foto is Kayleigh van den Heever in aksie.

Baie geluk aan Ernst Schoeman en Martin de Neys van Hoërskool Rustenburg, wat aan die Judo-kampioenskappe by Feathers Market in Port Elizabeth vanaf 3 - 6 Augustus deelgeneem het. Die twee Rusties het besonders presteer en het in hul onderskeie kategorieë goud verwerf.

Die Rusties spog breëbors met hul o/14A-, o/16A- en o/17A-netbalspanne wat die afgelope naweek aan die SA-netbalskolekampioenskappe deelgeneem het en onderskeidelik sewende, 18de en vyfde in Suid-Afrika eindig. RHS is werklik trots op elke speler en afrigter wat ure se harde werk ingesit het om hierdie uitsonderlike prestasie te behaal. Die o/17A-span eindig algeheel vyfde in Suid-Afrika, die o/16A-span eindig algeheel 18de in Suid-Afrika en o/14A-span eindig algeheel sewende in Suid-Afrika. Baie sterkte aan die o/15A-span wat volgende week ook aan die SA-netbalskolekampioenskappe gaan deelneem. Op die foto verskyn die o/17A-netbalspan: Elsa Morris (afrigter), Zanei Maritz, Liandri de Wet, Marni Lombaard, Talitha du Preez, Karla Stieger, Kamogelo Leshomo, Maritsa Grove (afrigter) en voor Miane Smith, Elsje Gouws en Chelize Durie.

Sport & wiele SKOLE

Parkie-nuus

Graad 1 - Woodlands.

RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - David Rubenstein het eenkeer gesê: "The world is a complicated place, and there's a lot of division between people. The peforming arts tend to unify people in a way nothing else does!"

Die week van 7-11 Augustus het 1033 leerders van Laerskool Proteapark elke aand die voorreg gehad om mense van verskillende agtergronde saam te bring om te lag, te huil en net weer herinner te word aan die vreugde wat kindwees kan bring!

Die massa-revue, "Parkie Nuus Netwerk - Die plek waar elke storie en kind tel…", is deur onderwysers afgerig en leerders van graad R tot graad 7 kon die geleentheid kry om onder flikkerende ligte, polsende musiek en 'n gejuig van 'n skare mense te dans en te sing!

Die kompetisiegroepe: Die Pretpolsers (senior revuegroep) en Die Ritmerakkers (junior revuegroep, Nasionale Wenners 2022) wat beide ook aan die Kaleidoskoopkompetisie deelneem in die Staatsteater in Pretoria, het die verhoog geopen met hulle storie vertolkende danse! Die parmantige pom-pom maats het ook weer die geleentheid gekry om die gehoor te vermaak!

Nog 'n eerste was Laerskool Proteapark se Dramaklub wat gesorg het vir die unieke nuusberigte gedurende die vertoning! Die week het die nuuslesers van die " Parkie Nuus Netwerk" of PNN se woorde net weer bevestig: "Dit is 'n fees om 'n Parkie te wees!".

Pretpolsers.

Ritmerakkers - Nasionale wenners 2022.

Bergsig se boogskietspan saam met Dirk van der Bank (NW-komitee), Franci van Heerden (organiseerder), Tammy le Roux (afrigter), Elize Steyn en Emjee Dippenaar (bemarking).

Die hoof van Bergsig Akademie, Karin Potgieter en Charl Potgieter (beheerliggaamvoorsitter van sport) sny die lint tydens die amptelike opening van Bergsig Akademie se nuwe boogskietbaan. Saam met hulle op die foto verskyn onder andere lede van Bergsig se boogskietspan, onderwysers en NW-boogskietkomiteelede.

RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - Bergsig Akademie het die behoefte aan 'n groter boogskietbaan raakgesien en na maande se drome en harde werk is dié nuwe baan en wêreldklasfasiliteit 'n realiteit by Bergsig Akademie. Dankie aan elkeen wat Bergsig se drome ondersteun en terugploeg in die skool en leerders.

The road safety department together with stakeholders took an initiative to raise an awareness for road safety measures through debating under a motion "The enforcement of Rail freight can reduce the road fatalities in South Africa". Grenville High School learners fought tooth and nail and scooped position two. All thanks to their coaches Mrs Bokhatse and Mr Ramakatsa who sharpened and prepared these team for this competition. From left are Mrs Bokhatse, Keabetswe Makgata, Tshimologo Mokaila, Kamogelo Moholo and Mr Ramakatsa.

Vryburger-manne en vroue wat betrokke was by die suksesvolle aanbieding van die 2023 Vrouedag-rolbalkompetisie.

RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - Die Vryburger Omgeemense het 2023 se Vrouedag weer gevier met hul jaarlikse rolbaldag om fondse te bekom vir die organisasie se Kos-vir-kinders-projek.

Met die insameling word daar gepoog om minderbevoorregte kinders op verskeie wyses hoofsaaklik skole, te ondersteun met voedingskemas. Vanjaar se sukses was te danke aan deelnemers van plaaslike besighede en skole wat mildelik bygedra het.

Daar is op 'n heerlik sosiale manier gekompeteer en spelers het deurlopend pret ervaar met die spel wat jonk en oud kon deel.

Die Vryburgers sê baie geluk aan die wenners en alle deelnemers wat die projek so geslaagd gemaak het en gee die versekering dat fondse wat ingesamel is aan verdienstelike instansies geskenk sal word.

Die Vryburgers sê ook dankie aan die Rustenburgse Rolbalklub vir die beskibaarstelling van hul geriewe. Volgende jaar maak ons weer so!

Rustenburg Cycling Club

Tamlyn Luyt of Rustenburg Cycling Club came from fifth place previously to first place in her Junior Women's category u/17-u/19 at the North West School XCO Cup #3 held at Volkies Potch on 5 August.

The Rustenburg Cycling Club junior members did excellent at the North West School XCO Cup #3 held at Volkies Potch on 5 August. Anrich Barkhuizen came fourth in his Junior Men category u/17- u/19.

Pierre en Ria le Grange en Sharon Kylander ontvang hul pryse van Vryburger Stuurman Walter Weideman as wenners van die Vroudag-rolbalkompetisie.

HAPPY WOMENS MONTH

DBV SPCA RUSTENBURG

Is facing extreme financial difficulties, with little help from RLM.

WE ARE FACING EXTREME CHALLENGES AND POSSIBLY CLOSURE.

Outstanding Vet bills, outstanding food suppliers and salaries that needs to be paid on a monthly basis.

Please assist us in keeping our doors open. Without your help

WE CANNOT SURVIVE!!

BANKING DETAILS:
SPCA RTB / FNB
ACCOUNT NR: 53604095349
BRANCH: 250655

Rustenburg Herald Sport & wheels SCHOOLS

Temoso Masikani of Lebone II College competed in the Men's Long Jump final on day four of the 2023 Youth Commonwealth Games at Hasely Crawford Stadium on 8 August in Port of Spain, Trinidad And Tobago. (Photo by Matt McNulty/ Getty Images for Commonwealth Sport).

Silver for Temoso at Commonwealth

Hanru Botha, agtsteman van Rustenburg Impala se eerstespan was vanjaar die top-drieëdrukker in die Neserliga - Hanru het die doellyn 11 keer oorgesteek. Die mooi nooi by Hanru is Nicola Niewenhuizen.



Trevor Visser - losskakel van Rustenburg Impala - die derde hoogste puntemaker in vanjaar se liga met 'n persoonlike bydrae van 125 punte.

Rustenburg Impala naaswenners van Presidentsliga - Nesertrofee egter veilig in vertoonkas

RUSTENBURG HERALD - RUSTENBURG - Na 'n uitdagende seisoen waarin Rustenburg Impala Rugbyklub mooi opgang en goeie vordering gemaak het, moes Rustenburg Impala se eerste- en tweedespanne tevrede wees om as naaswenners van die Presidentsliga te eindig nadat albei spanne in die finaal teen Welkom Rugbyklub verlede naweek die onderspit gedelf het.

In die wedstryd tussen die eerstespanne was Welkom baas met 'n telling van 41 - 21. Volgens afrigter Trevor Visser het swak verdediging en gebrekkige dissipline Impala die wedstryd gekos.

Welkom Rugbyklub se tweedespan het ook hul kragmeting teen Rustenburg Impala se tweedes met 'n telling van 27 - 15 gewen.

Nogtans kan Rustenburg Impala homself op die skouer klop met die wete dat die trofeë in die Neserliga veilig in Rustenburg Impala se vertoonkas staan. Impala se Trevor Visser het as derde hoogste puntemaker in die Neserliga geëindig met 'n totaal van 125 punte wat hy deur middel van 46 doelskoppe en 11 strafskoppe behaal het.

Impala se top-drieëdrukker was niemand anders nie as Hanru Botha wat deur die loop van die Neserligaseisoen nie minder nie as 11 keer oor die doellyn gebars het.

Rustenburg Impala bedank sy lojale Rustenburg-ondersteuners wat die span telkens tot mooi prestasies aangespoor het. Volgende jaar doen ons beter, het afrigter Trevor Visser

Uitsoek-wooneenheid in Pretoria te koop

St Peter's

Garden Estate | Lifestyle Village

Een eenheid in "mid care - assisted living" met uiters professionele versorging en uitsoek-personeel NOU beskikbaar in die hierdie uiters gesogte aftreeoord in Garsfontein in die Ooste van Pretoria.

Menlyn en verskeie inkoopsentrums en baie goeie hospitale is net 'n klipgooi ver.

Eenheid geskik vir 'n enkeling of egpaar.

Moenie hierdie unieke geleentheid deur u vingers laat glip nie!

Skakel Lynette op 082 877 0231



NBA celebrates women

National Basketball Association Africa celebrated National Women's Day on Wednesday (August 9) by hosting workshops and a Junior. NBA clinic for young female basketball players. In Phokeng, 200 girls from the Royal Bafokeng Junior NBA program participated in a disability - and sport awareness program, as well as women empowerment and leadership workshops at Matale Secondary School. The day's activities ended with an exhilarating Zumba session. (Photo: Supplied)

If you can think it, we can print it, on NewsprInt

BIG quantities. Any SIZE - pamphlets, brochures, newspapers - try us for the best prices - delivery where you need it!

We design it with the most modern technology on earth - contact Paul on 0145928329 or quotes@webprinters.co.za NOW!

North West Web Printers

Tel: 014 592 8329

PRINTED BY NORTH WEST WEB PRINTERS (PTY) LTD. TEL: 014-592 8329